The Hoatzin (60 centimetres in length), another of the birds listed and described in David Chandler and Dominic Couzens' book *100 Birds To See Before You Die*, has rather unkempt plumage, starring eyes set in blue skin with a wild-looking crest 4 to 8 centimetres in length, giving the bird a startled and curious appearance, but very much in line with its strange lifestyle. Possessing rather poor flight capability coupled with its inability to walk or swim, ensures that the Hoatzin is a sedentary bird. They inhabit the thick foliage of trees and vines clambering clumsily in their search for their preferred diet of leaves and buds from in excess of 50 plant species. Accordingly, it is not surprising to discover that the digestive process of the Hoatzin is unique amongst birds. Whereas with most birds, digestion takes place at some distance along the alimentary tract, the Hoatzin deals with its vegetarian intake at the front-end of their gut. Food ferments in the bird's crop and adjacent oesophagus, both muscular processors taking up to 2 days to complete the digestion task. Its 'fermentation vessel' is so large and heavy that it limits the size of its sternum and consequently also the size of its flight muscles, accounting for its poor flight performance. It also results in the bird emitting

a musky odour akin to fresh cow manure and the Guyanans' name 'stinking pheasant'. Not surprisingly the breeding behaviour of the species is likewise unusual and youngsters have a survival strategy which includes plunging into the river below its nest and swimming, sometimes under water, to escape predators, before clambering out onto the foliage of overhanging trees or vines, using two claws located on the elbow of each wing to assist them in making their way to safety.

Other notable bird sightings included Red-fan Parrot, Kawall's Amazon, Paradise Jacamar, Tooth-billed Wren, Gould's Toucanet, Alta Floresta Antpitta, screeching White-bellied Parrots, and canopy specialties, observed from the two towers, such as vivid Pompadour and Spangled Cotinga, Bare-necked Fruitcrow and a kaleidoscope of colourful tanagers and parrots.

The heat and humidity were largely responsible for determining our daily routine of trail walking, boat excursions on the river and visits to the observation towers. And the possibility of spotting a Harpy Eagle, one of the most sought-after birds in the world, guaranteed a daily visit to the towers, unfortunately in vain, with a 4-hour break at mid-day because of the intense heat. Unbeknown to us, a honeymoon couple from Kuwait, who had accompanied our group to Cristalino Lodge on the first day, were not prepared to accept the shut-down each evening at 20:00 of the generators and hence overhead fans in the rooms, and accordingly persuaded lodge management to keep the generators and fans on 24/7, thereby providing considerable relief from the heat for all lodge occupants for the duration of our stay.

A long walk on Ariosto Island in the Teles Pires River produced a third bird species described in the Chandler/Couzens book, the Amazonian Umbrellabird. Listed no doubt for its rather absurd appearance, the Umbrellabird is the largest of the South American cotinga family, being 50 centimetres in length and weighing up to 500 grams. Largely black in colour, both male and female sport an umbrella-like overhanging fringe of plumes as well as a black wattle, 15 centimetres long in the males,

which hangs from the chest area of the bird. Males of the species gather at leks to display their wares with up to 6 males present at a time, 10 to 25 metres up a tree. Lekking is both visual and vocal, the wattle of the male being inflated and apparently responsible for the emission by the males of a booming sound likened to far-off cattle and heard from a considerable distance.

On the final day, a walk in the forest at dusk to an artificial waterhole produced a cracking

Black-spotted Bare-eye, a bird more commonly associated with ant swarms. This final leg of my trip added an additional 142 species and 50 lifers resulting in a final overall trip tally of 520 bird species, of which 229 were lifers, and 27 mammals (23 lifers).

An overnight stop at a hotel in Cuiabá in transit to São Paulo concluded, what was for me, one of the most memorable and enjoyable trips of a lifetime. 🐦

Ons ervaring op Daydream Island, sentraalkus van Australië, waar Sikloon Debbie ons vasgetrek het

Pieter Heslinga

Joëlna en ek het gedurende Maart 2017 vir haar skoonsuster in Sydney, Australië, gaan kuier. Haar broer en skoonsuster het 17 jaar gelede soontoe verhuis. Boetie is ongelukkig in 2009 oorlede en ons het besluit om bietjie vir skoonsus te gaan kuier. Ons besluit toe om ook sommer die ooskus van Australië te gaan besoek, met die hoogtepunt om na die Great Barrier Reef by Cairns te gaan kyk, en bespreek 'n bustoer daarvoor. Die weer was van die begin af baie reënerig, maar dit het nie ons geesdrif gedemp nie en ons het die kuier en die toer baie geniet.

Tot op die dag toe ons 'n paar dae op

Daydream Island sou oorbly. Ons vertrek Saterdag 25 Maart die middag met 'n ferrie van Airlie Beach na Daydream Island toe. Die hotel is die enigste ontwikkeling op die eiland. Ons was baie opgewonde oor die paar dae wat ons op die eiland sou deurbring, die woude wat ons gaan deurloop en die riuwe wat ons gaan besoek. Ons skrik groot toe ons dieselfde aand nog meegedeel word dat Sikloon Debbie, wat toe reeds in aantog was, haar rigting verander het en reg op Daydream Island afpyl, soveel so dat die see reeds te ontstuimig was om ons dieselfde dag met die ferrie te kon terug neem vasteland toe.



Pieter Heslinga

Bush Stone-curlew



Pieter Heslinga

Ons gaan stap in die woude

Pieter Hestinga



Die verwoeste woud

Die volgende oggend kon ons nog lekker ontbyt geniet en in die tuine rondloop. Ons sien 'n pragtige Bush Stone-Curlew – lyk soos ons dikkoppe. Later gaan stap ons in die woude. Fantasties! Die hotelowerhede hou ons gedurig op hoogte met betrekking tot Sikloon Debbie. Dis nou finaal, die sikloon is reguit op pad na die eiland en sal 'n Gradering 4 bereik wanneer dit die eiland tref. Die nag breek 'n woeste wind uit en dit begin reën. Ons mag nie uit ons kamers gaan nie en vroeg die volgende oggend lewer hulle kospakkies by ons deur af. Die wind het die hele dag verskriklik gewaai, 240 kilometer per uur. Later het ons gehoor dat 1.2 meter reën geval het. Die wind waai en dit reën ook die volgende dag en die dag daarna.

Alles was verwoes – die pragtige hotel, die pragtige strand, die pragtige woud. Ons kry 'n pragtige Sulphur-crested Cockatoo in een van die palmbome sit, en kan nie glo hoe hierdie voël die storm oorlewe het nie. Ons is van die



Pieter Hestinga

Sulphur-crested Cockatoo

buitewêreld afgesny en ons kos en water word gerantsoeneer. Watertoevoer was af, selfoon en Internet was af, en later ook die krag. Die jetty het weggespoel en niemand kon ons kom haal nie. Alles in chaos. Die hotel se kos en water was op en ons moes dringend van die eiland verwyder word.

Ons was 5 dae op die eiland, tot die Donderdag 30 Maart, voor ons met Australiese Vloot-begeleiding deur 'n privaat ferrie opgepik is. Eers na Hamilton Island toe en daarna met 'n gehuurde vliegtuig na Cairns toe. Ons toer was verby en by Cairns aangekom het elkeen gespook om reisplanne aan te pas. Gelukkig was ons almal ongedeerd.

Ons toerplanne het so uitgewerk dat ons nog Melbourne toe kon vlieg en 'n verdere 3 dae daar kon deurbring voor ons moes terug huis toe. Ons sal ons Australië vakansie nooit vergeet nie, en in die besonder ons ervaring van Daydream Island wat ons moeilik kan oortel. 🐦

DONATIONS (October 2017 – January 2018)

Once again, a sincere thank you for your generous donations. Your contributions help us to support bird conservation projects, and are greatly appreciated.

Weereens baie dankie vir u donasie. U skenkings verseker dat ons 'n groter bydrae tot die bewaring van voëls kan lewer. Ons waardeer dit opreg.

André Marx; Kurt Zvilavec; Dr Anton Ackerman; Anand Bauchoo; Prof Riel Franzsen; Proffie Meyer; Leon Lötter; Martie Malan; Dup du Plessis; Eric & Isabel Rycroft; Heidi Muller; Estelle de Jong

The hidden treasures of St Lucia, 5 – 11 September 2017

Neithard Graf von Dürckheim

It is often very pleasant to re-visit areas in this beautiful land which one hasn't been to for some time and just to re-connect with the environment and remember some of the pleasant experiences one has had. We were in St Lucia sometime back in 2006, a long time ago. I still remember those vast, flat and empty beaches with just a few fishermen standing patiently at water's edge, occasionally turning away at their fishing rod reel, only to look at an empty hook, and casting again to just stand and watch the waves again...

A few days break at St Lucia would just be what we needed in relaxation. Our 7-day trip started early on 5 September 2017, to miss the rush-hour traffic. Once we left the N4 we were in the Highveld proper and as far as the eye could see were grasslands and occasional hills. We stopped at Piet Retief for a good purpose: my brother had recommended that I should purchase some of the excellent smoked biltong at Berno's butchery. I requested a medium-sized piece of biltong, which Berno shredded for us. Getting back into the car we tasted it and shortly I was back in the butchery to purchase yet a bigger chunk – it was excellent!

We arrived in St Lucia early afternoon, booked into our apartment and went for a walk over the long boardwalk leading from the parking area in front of Sugarloaf Camp to the beach, and enjoyed the pleasing scenery while casually ticking some birds – Little Swift [Kleinwindswael] in large numbers, White-eared Barbets [Witoorhoutkapper] in the trees, Scarlet-chested Sunbirds [Rooibors-suikerbekkie]. The next day was spent birding and just relaxing on the vast stretches of beach ("sometimes I sits and I thinks, and sometimes I only just sits"). Golden Weavers [Goudwewer] were about; on the mudflats

where previously a break in the estuary led the river into the sea we spotted large numbers of Swift Terns [Geelbeksterretjie], with a host of waders around – Little Stints [Kleinstrandloper] in large numbers, Great White Pelicans [Witpelikaan] calmly swimming, Grey-headed Gull [Gryskopmeeu], White fronted Plovers [Vaalstrandkiewiet] darting around busily and Sanderlings on the beach dashing after the waves at water's edge, feeding where the waves had receded. Peace reigns!

The next day we had booked Themba (at an exorbitant price) the local guide to show us some special birds of the area which had eluded us before. We left shortly after 06:00 and drove back to Mtubatuba and onto the N2 highway for about 80 km, turning off on the Sodwana Road and heading east through small villages with thorn scrub, goats and many children. We drove on little tracks heading around the northern tip of False Bay and down into the Nibela Peninsula. The area was marshy – the soil deep dark clay and with very short grass. We stopped the car and walked a distance of possibly 200 – 300 m and there they



The boardwalk

Neithard Graf von Dürckheim

Neilhard Graf von Dürckheim



Sooty Tern/Roetsterretjie

Neilhard Graf von Dürckheim



Rosy-throated Longclaw/Rooskeelkalkoentjie

were (!) a number of Rosy-throated Longclaws [Rooskeelkalkoentjie], not calling but very active – flying short bouts and running–stopping–running, landing on small soil mounds or on low vegetation. We took a good look through the binoculars and then I reached for my camera and took some pictures of this lifer. The Longclaws were very colourful and very pretty. I have to give credit to Themba – despite his high fees, he knows his birds and where to find them.

We returned to the N2 highway along another route, spotting Pink-throated Twinspot [Rooskeelkopsie], which we had already seen on a number of occasions, but it is always nice to see them again. We drove back in the direction of St. Lucia and a few kilometres before the village stopped at some vendors next to the road and entered a small patch

of vegetation with medium-sized shrubs, where we walked around a small area of only a few hectares. Here we found Grey Waxbill [Gryssysie] and I noticed the marked difference to the Cinderella Waxbill [Angolasysie] we had seen at Kunene River Lodge in Northern Namibia – the Grey Waxbill only has red on the rump, not on the flanks (as the Cinderella Waxbill does). I tried to take some pictures but I was shaking too much and could not zoom in properly and the Waxbills were very active and moving around.

After some 200 km of driving and the whole morning spent, we arrived back at our apartment, the ‘paid’ birding trip having ended.

That afternoon we drove to Sugarloaf Camp again (as on all other days) and I set up my spotting scope next to the parking area. I could again spot many Swift Terns and Little Stints as well as Grey Herons [Blouereier], Reed Cormorants [Rietduiker] and Darters [Slanghalsvoël], among others, but the Sooty Tern [Roetsterretjie] that Trevor Hardaker had reported on the SARBN was not to be seen. I saw some other birders on the far side of the lagoon. I packed my gear into the car and walked the boardwalk up to the sandy beach, turned right and walked across on top of the dunes, a measure taken to avoid being confronted by hippo. Coming down from the dunes towards the wetlands, my caution was justified, as I came across fresh tracks of two hippo (these animals can reach the frightening charging-speed of 36 km/h or 10 m/sec, and if they charge, nothing will stop them). I cautiously walked to the water’s edge on the wetlands. I now understood: the ‘island’ that hundreds of terns and other waders were perched on was obscured by high and dense reed-beds, blocking the view from the parking area where I had set up my scope earlier. The other two birders were there alright. The one asked me: “What is this worth to you?” and grinned. There was the Sooty Tern, perched on the ‘island’ next to many Swift Terns. LIFER! And a rare one at that. On the *Roberts VII* maps it is indicated as “rare and vagrant birds”. Over the days that followed I saw the Sooty Tern

daily and learnt to understand its behaviour. When it was not perched on the 'island' it would fly in with markedly slow wing-beats, not dip-dipping as frequently as the smaller terns and calling with a very pronounced far-hailing high-pitched *Treee-reee*.

Back in the parking area and surrounding scrub were many other birds: Bronze Mannikin [Gewone Fret] and Lesser Striped Swallow [Kleinstreepswael], Black-winged Stilt [Rooipoetelsie] and Pied Avocet [Bontelsie] on the island in front of us, as well as Common Tern [Gewone Sterretjie], Brown-hooded Kingfisher [Bruinkopvisvanger], Black Saw-wing [Swartsaagvlerkswael] and many more. Trumpeter Hornbill [Gewone Boskraai] were flying overhead calling with loud melancholy, and Golden-tailed Woodpecker [Goudstertspieg] was also vocal.

I must not forget our long walks on the wide and endless beaches – very flat and meeting with the waves very gradually. We walked for kilometers on end on the beach and enjoyed the peacefulness. Far apart were some fishermen, casting, holding their rods and staring out at the endless horizon with the waves ceaselessly rolling in. We sat in our chairs not far from where the last bit of the waves slowed down before slowly receding again and followed the fishermen's example – just looking out in the distance, where the sandy beach and the blue sky on the horizon meet...

The 9th of September was reserved for a trip to Cape Vidal, only 30 km away, along an excellent tar road through the game park. Lush vegetation greeted us in the park and we spotted some magnificent kudu bulls with their spiral head-gear. A number of birds also crossed our path: Natal Spurfowl, Brimstone Canary and Yellow-throated Longclaw [Natalese Fisant, Dikbekkanarie, Geelkeelkalkoentjie], to name but a few. We had left early as we had a mission in mind: find the Green Twinspot [Groenkolpensie]. We parked at Cape Vidal, overlooking the dunes and the beach protected by rock-barriers. It is a really pretty sight. Bathers were arriving, fishing boats were on the sea in the distance. We asked a local guide at



Heinhard Graf von Dürckheim

Green Twinspot/Groenkolpensie

his game-drive vehicle if he knew about Green Twinspot. Never heard of it... Hmmm. Some staff were hanging around, chatting. Green WHAT?

We were on our own. We had heard that the Green Twinspots may be in between the log cabins. We walked from one log cabin to the next, looking out for dripping taps and water dripping from piping. Busloads of young teenagers were noisily coming down from the furthest-most log cabins, entangled in a battle of survival against Vervet Monkeys which had set their sights on the snacks the young people were eating. Eventually we came to a log cabin standing in the shade of *Casuarina* trees. There was a dripping downpipe which had filled a little puddle next to the cabin with water. Here we spotted some Dark-capped Bulbuls [Swartoogtiptol] noisily bathing and drinking and a few Red-backed Mannikins [Roorugfret] joining in the fun. "WAIT, let's just stand and watch". Then some distance off in the shade, I saw the first Green Twinspot. LIFER! Males and the somewhat duller females came to the water puddle to drink and bathe. I stood next to a tree and took dead-rest against the trunk to stop the camera from shaking. The Green Twinspots were hopping on the ground and feeding all around the *Casuarina* trees. I studied two bird-books – *Roberts* stating "Food Mainly seeds of forest grasses, also beef-wood (*Casuarina*) tree seeds..." Aha!

I went back to the car, fetched our camping chairs, and we sat down and just waited

for photo opportunities... There were many birds around – Southern Boubou [Suidelike Waterfiskaal], Red-capped Robin-Chat [Nataljanfrederik] (I still prefer the old name, Natal Robin), Klaas's Cuckoo [Meitjie] was calling, Crested Guineafowl [Kuifkoptarentaal] were issuing their stuttering call. When it got warmer, the birds dispersed and we went over the dunes to the Cape Vidal beach and proceeded on a long and pleasant walk. On the way we only met with one lone lady and three young chaps. Cape Vidal is really a most pleasant and pretty place.

Kathrin also had the desire to go on a boating trip up the lagoon, which we did the next day. We booked at the KZN-Wildlife offices and obtained a better price than the commercial operators. We landed on the boat in between a group of French tourists who were engaging in lively and voluminous chattering. The noise

moved to the lower deck and died down when their lunch was served. We spotted some rafts/pods of hippo, some Nile Crocodiles and some birds. The guides on board did their best to explain all the wonders of St. Lucia to the tourists, but birding was not their strength – we saw a Purple Heron [Rooiereier] and they promptly called Goliath Heron [Reusereier] in all available languages; my softly uttered correction was overheard.

St. Lucia bears many opportunities; just outside the village they have some short walking trails through the coastal forest vegetation which also provides interesting birding. The village also sports two supermarkets and besides the normal shops also a variety of restaurants. There are a number of pleasant apartment blocks where one can stay in comfort. If you wish to relax and/or do some productive birding, St. Lucia can be recommended. 🐦

Namibiëtoer, September 2017, met Karoo Birding Safaris

Estelle Raath en Dudley Gradwell

Om 6:00 die Sondagoggend 10 September, na van die toerlede in 'n B&B in Kaapstad byeengekom het, het sewe van ons uit Kaapstad vertrek met 'n Quantum bussie en ons gidse, Japie en Ralie Claassen van Karoo Birding Safaris, op 'n intensiewe voëlkyktoer deur Namakwaland en Namibië. Daar was drie lede van BLNG, drie Kapenaars en 'n dame van Kanada saam op die toer. Die afstand afgelê was by die 6 500 km in die goed toegeruste bussie plus sleepwa. Wat wonderlik was, was dat ons elke dag een sitplek vorentoe of agtertoe geskuif het om in verskillende plekke te sit, en almal beurte gekry het om voor langs ons uitstekende en ervare toergids, Japie Claassen, of agter lanks sy vrou Ralie, te sit. Hulle kennis van voëls, plante, bome, insekte, geologie en die geskiedenis van Namibië is ongelooflik goed. Ralie se biblioteek, wat langs haar op die

sitplek was, het enige vrae beantwoord wat hulle nie geken het nie.

Ons het vinnig deur die Knersvlakte (met die snaakse ou termietsirkels) in Namakwaland gery en in Springbok kort vertoef voordat ons so 4 uur die middag deur die grenspos by Noord-Oewer (Violsdrif) gery het. Die eerste aand is by die Orange River Lodge deurgebring waar ons die Garipegglasogie [Orange River White-eye] in die tuin gesien het. Die dag het ook verskeie ander voëls opgelewer, soos jong Visarend [Fish Eagle], baie Grootrooivalke [Greater Kestrel], Bleeksingvalke [Pale Chanting Goshawk], Woestynspekvreter [Tractrac Chat], en Vaalbruinlewerik [Fawn-coloured Lark], en ons het die eerste paar Witkruisarende [Verreaux's Eagle], van 10 pare wat ons gesien het, aangeteken. 'n Spesiale voël vir baie van ons was ons eerste Woestynlewerik [Stark's Lark].



Dudley Grathwell

Woestynkorhaan/Rüppell's Korhaan, naby Sesriem Canyon

Dit was ongelooflik hoe vinnig Japie en Ralie veral die lewerikke kon sien en identifiseer. Op die oewer van die Oranjerivier het ons ook ons eerste Dubbelbandsandpatryse [Double-banded Sandgrouse] gesien, asook wild soos koedoes, gemsbokke, klipspringer, ens.

Die Maandag het ons gery na Aus en die Visrivier Kanjon en sien ook die Vaalkorhaan [Karoo Korhaan] en Bokmakierie. Ons slaap die nag by die Cansón Mountain Camp wat deel is van die Fish River Canyon Lodge. Die driegang aandete by die Lodge was iets besonder en party van die groep het die skaars Red Rock Rabbit gesien. Terwyl ons onder die sterrehemel geëet het, het 'n Donkernaguiltjie [Freckled Nightjar] laag oor ons koppe gevlieg.

Dinsdag 12 September, oppad na Aus en die Namibiëse wilde perde, het ons by Hoogstasie 'n vervalde steenoonnd en kalkbrander bekyk. Hierdie wilde perde is deur die Duitse weermag in die Eerste Wereldoorlog agtergelaat. Die dag lewer baie Versamelvoëls [Sociable Weavers], Edelvalk [Lanner Falcon], Dubbelbanddrawwertjies [Double-banded Coursers] en Bloukopdrawwertjies [Burchell's Courser] op vir ons groeiende lys. By die Naute Dam is watervoëls en ook windswaeltjies volop, Pelikane, eende, Witpenswindswael [Alpine Swift], Muiskleurwindswael [Bradfield's Swift], en Swartwindswael [African Black Swift]. Net voor die uitkykpunt vir die wilde perde (waar gelukkig twee perde by die watergat kom drink het en om die voertuie geloop het, nie so wild



Dudley Grathwell

Hererospekvreter/Herero Chat, Spreetshoogte

nie), het Japie vir ons vier of vyf opwindende Barlowlewerikke [Barlow's Lark] opgespoor – nog 'n 'lifer' vir die meeste van ons. By Klein Aus Vista Lodge is ons moeë en honger klomp die aand getrakteer met 'n heerlike ete wat gemsbok steaks en springbokbreë ingesluit het.

Die volgende oggend was ons bestemming Sossusvlei, en op pad soontoe is daar weer kort-kort drawwertjies opgemerk. Net drie van die groep het die 4x4 voertuie aangedurf om Sossusvlei aan te pak. Ten spyte van 'n warm stap in die woestyn en die los sand het die dooie bome en die wit droë sand die stap die moeite werd gemaak. Die res van die groep het piekniek gehou onder groot skaduweebome. 'n Witwanguil [Southern White-faced Scops-Owl] het hulle vir die volle drie ure bokant hulle koppe vermaak. Van Sossusvlei het ons gaan stap in die wonderlike Sesriem Kanjon en dan verder gery na die groot Hammerstein Lodge waar daar weer 'n heerlike ete vir ons gewag het. Die woestyn en berge se eindelose vlaktes het ons weer almal verstom. By die lodge was Rooiborslaksmanne [Crimson-breasted Shrike] in die tuine te sien, asook kanaries, oewerswaels en glansspreeus.

Donderdag 14 September is ons na Ababis Lodge toe met sy wonderlike tuin en swembad en nog 'n smaaklike driegang Duitse maaltyd. Op pad soontoe sien ons ons eerste Woestynkorhane [Rüppell's Korhaan], wat later soos rooibokke in die wildtuin voorgekom het. Die volgende dag het ons

Dudley Gradwell



Woestynspekvreter/Tractrac Chat, wit vorm, Spitskoppes

Dudley Gradwell



Kaalwangkatlagter/Bare-cheeked Babbler, Kunenerivier

die lang pad Swakopmund aangedurf via die Spreetshoogtepas. Aan die voet van die pas het Japie weereens verras met besondere kennis van die omgewing om ons direk na die Hererospekvreter [Herero Chat] te lei – weereens ‘n nuwe voël vir die meeste van ons. Daarna is ons verder deur die Namib-Naukluft Park waar die woestyn en berge se eindelose vlaktes ons weer almal verstom het. Die Kuisebrivier Kanjon, waar die twee Duitse geoloë gedurende die Tweede Wêreldoorlog vir meer as twee jaar weggekruip het (beskryf in die boek *Sheltering Desert*), is iets besonder. Die eerste Dwergvalkie [Pygmy Falcon] is gesien; drawwertjies en singvalke was volop. Langs die pad, na ‘n kort stappie in die woestyn, kon ons mooi voorbeelde van die

beroemde mannetjie en wyfie woestynplante (*Welwitschia*) bekyk en afneem. Soos ons Swakopmund genader het, het ‘n skielike koue seewind ons verras na die snikhete woestyn. Die aand het ons oor die Atlantiese Oseaan ‘n wonderlike sonsondergang gesien terwyl ons heerlike vars seekos genuttig het by die populêre Jetty Restaurant Tug.

Saterdag 16 September is ons na die bekende Duin 7 toe vir nog ‘n nostalgiese besoek vir een van ons groep om sy weermag-dae van 1965 te herleef. Die klim in gewone klere sonder volle army pak en stewels was baie makliker, ten spyte van die ouderdom, 50 jaar later. Vandaar is ons na Rooikopmyn en die woestyn en rivierbeddings in. Weereens soos ‘n regte ‘magician’, loop Japie direk op die skaars en beperkte Duinlewerik [Dune Lark] – nog ‘n ‘lifer’ vir ons almal. Na hierdie hoogtepunt het ons gedink die res van die dag gaan redelik vaal wees. Niemand kon die verrassing van die soutpanne en lagoon by Walvisbaai beskryf nie. Ons is gegroet met duisende, derduisende watervoëls sonder om ooit die voertuig te verlaat!!! Albei flaminksoorte, Kemphane [Ruff], Rooipoot- en Bontelsies [Black-winged Stilt, Pied Avocet], Drietostrandlopers [Sanderling], Krombekstrandlopers [Curlew Sandpipers], Ringnekstrandkiewiete, [Common Ringed Plover], Asiatiese Strandkiewiete [Caspian Plover], Geelborsstrandkiewiete [Kittlitz’s Plover], Vaalstrandkiewiete [White-fronted Plover], Rooibandstrandkiewiete [Chestnut-banded Plover], Driebandstrandkiewiete [Three-banded Plover], Reusesterretjies [Caspian Plover], Steenlopers [Ruddy Turnstone], Kleinwulpe [Common Whimbrel], Bandstertgriete [Bar-tailed Godwit] en ‘n minuut-lang kosvlug van die Damarasterretjie [Damara Tern] ens., ens., – te veel om alles te noem – ver oor die 20 of dalk 30 verskillende spesies en nog ‘lifers’ vir baie van ons. Noord van Swakopmund is ons by duisende Trekduikers [Cape Cormorant] verby wat op die guano stellasies broei, en ook in die woestyn in waar Japie ons ‘n klomp Namibewerikke [Gray’s Lark] wys.

Die Sondag is ons by die Henty’s Baai afrit verby na die ‘Moon Landscape’ gebied en dan

na Spitskoppen met die Vyfvingerhand klipformasie. Tydens ons middagete by Spitskoppen, behalwe die 'algemene' paar Witkruisarende op hulle nes, sien ons ook die Grystjeriktik [Layard's Tit-Babbler], nog 'n 'lifer' vir baie van ons.

Verder noordwaarts deur die Urongo Berge, Karibieb naby Usakos, het ons vir twee aande by die Albrechtshöhe Lodge tuisgegaan. Heerlike Duitse gasvryheid en kos was weereens die norm. Die volgende oggend naby die plaasdam en lekkende pype by die boorgat-tenk het ons stil-stil gaan sit en die swetterjoel klein pragvoëltjies dopgehou wat kom drink het. Swartwangsysies [Black-faced Waxbills], Koningblousysies [Violet-eared Waxbills], Gewone Melbas [Green-winged Pytilia], Rooirugstreepkoppies [Golden-breasted Buntings] het 'n pragvertoning van kleur opgedis. Tussenin was daar honderde Vaalstreepkoppies [Lark-like Buntings] wat ook hulle dors kom les het in die hitte. Op pad terug na die Lodge het ons 'n Kortstertlaksman [White-tailed Shrike] paartjie dopgehou. Rooiwangparkiete [Rosy-faced Lovebird] is ook gereeld gesien.

'n Lang 400 km reis is die Dinsdag aangepak maar ons is beloon met wonderlike besigtigings van die Kaokolangbeklewerik [Benguela Long-billed Lark] en die Ovamboswartmees [Carp's Tit] – weereens 'lifers' vir baie. Naby Kamanjab het ons tuisgegaan in die Oppi Koppie Lodge. In die tuine tussen die chalets sien ons beide die Kaalwang- [Bare-cheeked] en Witkatlagters [Southern Pied Babbler], en vroeg die volgende oggend op pad uit by die hek van die kamp het Japie die Gebande Sangers [Barred Wren-Warbler] opgespoor. Die 'lifer' lys het net langer geword.

Woensdag 20 September ry ons aan die westegrens van die Etosha Wildtuin verby, deur klein dorpie waar Japie ons gewaar-sku het oor foto's neem van die kaalbolyf Mahimba vroue met hulle rooi kleibedekte gesigte en rare haartooisels. Die pad na die Kunene Rivier het deur bosveld gegaan en pragtige besigtigings van die Bloupenspapegaaie [Rüppell's Parrot] en Bruinkeelbossanger [Burnt-necked Eremomela]. Voor ons by die Kunene River Lodge vir twee aande gekuier



Dudley Gradwell

Rooibekfisant/Red-billed Spurfowl, Waterberg Plateau Park



Dudley Gradwell

Watergat naby Okakuejo

het, het ons by die Dorslandtrekkermonument gestop – wonderlike en trotse burgers wat van die Kaapkolonie weggetrek het na Angola in 1880, en teruggekeer het in die 1920's na die destydse Suidwes-Afrika toe as gevolg van twiste tussen hulle en die Portugese regering oor, onder andere, taal en skole. Die kort tydjie by die Kunene River Lodge was 'n verblyf in die Paradys. Oorkant die groen oevers van die Kunene Rivier was Angola. Droogtes in die berge van die opvanggebiede in Angola het veroorsaak dat geen water oor die Ruacana Valle loop nie, en net een turbiene kan gebruik word by die Ruacana Dam. Dit is hartseer as ons dink dat dit dieselfde area is wat die Okavango Delta met water voorsien, en dit kan later ernstige gevolge hê vir die moerasse.



Bloukoppdrawwertjie/Burchell's Courser, Okakuejo

Die twee nagte in die Lodge was wonderlik en rustig. Drie lede van ons groep is vroeg die eerste oggend geneem na die unieke Zebra Mountains om die Angolajanfrederik [Angola Cave-chat] te soek. Die berge kry hulle naam van die streep effek van die swart rotse en bruin plantegroei wat in plekke voorkom. Van 'n afstand af lyk dit soos die vel van 'n zebra. Net twee van ons het die styl rotsklim aangedurf. Die klim was moeilik en balans was nodig op die opgehoopde deurmekaar rotse. Maar ons is beloon met twee besigtigings van dié besondere janfrederik. Die twee aparte voëls wou nie mooi saamspeel nie en het 'n redelike afstand van ons gehou. Maar dit bly 'n besondere ervaring om so iets te sien. Op pad terug, na 'n ontbyt in die veld, aan die voet van die berge het ons die Witborsjakkalsvoël [Augur Buzzard] lank dopgehou, en ook 'n klomp Angolasysies [Cinderella Waxbill] by 'n diep-uitgegrawe watergat in 'n droë rivierbedding. Drie besondere 'lifers' in een oggend wat die kostes van die spesiale uitstappie beslis die moeite werd gemaak het!!! Terwyl ons gekyk het na die sisyse het donkies ook by ons onder die boom kom skaduwee soek. Hulle was vol Geelbekrenostervoëls [Yellow-billed Oxpeckers]. Die res van die groep het die dag by die Lodge gerus, geswem en voëls gekyk. Die kamp was vol Rooistertmôrelysters [Rufous-tailed Palm-Thrush], nog 'n 'lifer', en ook die witkop en -nek subspesie van die Rooikeelfisant [Red-necked Spurfowl] wat ook 'n swart pens

het. Laatmiddag is ons op 'n 'Sundowner Cruise' op die Kunene uit waar ons baie watervoëls, asook die Geelwewer [African Golden Weaver] in die riete, die Bruin- [Chestnut Weaver] en Bruinkeelwewer [Southern Brown-throated Weaver] langs die rivier gesien. Tydens die bootrit het een van ons, op spesiale versoek, voet aan wal, aan die noordelike oewer van die rivier, in Angola gesit – sonder paspoort.

Vroeg die volgende oggend is ons in die donker daar weg, met heerlike ingepakte padkos van die Lodge, en by die Ruacana Dam verby na Etosha toe. Ons is by die Galton Hek in Etosha in en het binne minute die swartgesig Rooibok gevind, en daarna talle pragtige klein Damara Dikdikke. Orals in die park, by elke watergat, is ons by groot samedrommings van Hartlaub's bergebra, gewone sebras, elande, gemsbokke, springbokke, volstruise, ens., verby. By een watergat was daar 'n swartrenoster, olifante, sebras, gemsbokke, blouwildebeeste, kameelperde en Sekretarisvoëls in een kameraveld. Herinneringe wat nooit vergeet sal word nie! Die aand is ons by Dolomite Kamp inbespreek. Die nuwe kamp is pragtig bo op 'n koppie gebou, maar karre word nie toegelaat nie. Vanaf die parkeerterrein word ons en die bagasie deur 'n aangepaste gholffkarretjie vervoer na ontvangs toe. Maar vandaar moes almal na hulle chalets stap. Die verste chalets het die laaste energie uit sekere mense gehaal, maar die uitsig van elke chalet is asemrowend. Die wild kan van kilometers ver gesien word waar hulle na die watergat doer onder op die vlaktes aangestap kom. Die swembad met sundowners was 'n ware lafenis. Vroeg die volgende oggend is ons wakker gemaak met die brul van leeus. Vanaf die ontvangs area kon ons 'n familie leeus sien wat tussen die karre in die parkeerterrein rondloop. Later het ons agtergekom die jong leeutjies het lekker gespeel deur ons voertuig te spieëls en bande aan te val. By hierdie wonderlike kamp bo op die koppie kom die Klipfisante [Hartlaub's Spurfowl] elke aand slaap. Laat die middag en vroeg die oggend het ons hulle tussen die chalets mooi gesien. 'Lifers' nog steeds volop.

Die volgende twee dae het ons deur Etosha gery van wes na oos, 'n onsettende groot,

pragtige en indrukwekkende stuk aarde. Ons sitvlakke was deurgestamp op dele van die sinkplaatpad wat ernstige aandag nodig het. Die aand is ons inbespreek in Okakuejo kamp na 'n dag van talle watergate wat weer troppe wild en voëls opgelewer het. Die normale wild plus rooihartbeeste, hiënas wat 'n karkas in die water geëet het, swartrenosters en leeus is te siene gekry. In die wildtuin is Pienkbeklewerikke [Pink-billed Lark], Vlaktelewerikke [Spike-heeled Lark], Rooineklewerik [Rufous-naped Lark] en Sabotalewerikke [Sabota Lark] kort-kort opgemerk. Laat die middag is 'n paar Asiatische Strandkiewiete [Caspian Plover] naby die pad gesien en by die verligte watergat by die kamp is Nonnetjiesuile [Barn Owl], talle reiers en talle Kelkiewyne [Namaqua Sandgrouse] dopgehou.

Na Okakuejo het ons die pad na Namutoni aangepak al langs die Etosha Pan self. Die wit pan en gesig van diere in die dorre woestyn was wonderlik. 'Spook' olifante was volop, wat spierwit vertoon het na hulle modderbad in die sout water. Die dag is die Rooinekvalk [Red-necked Falcon] in 'n boom bokant die voertuig afgeneem en die Rooioorlangstertjie [Rufous-eared Warbler] het langs die pad kos gesoek. 'Lifers' weereens aan die orde van die dag. Na 'n kort stop by Namutoni is ons by die wildtuin uit weer na heerlike Duitse gasvryheid van die egpaar Sachse by hulle Lodge Sachsenheim. Die plan was om die Swartwangkatlagter [Black-faced Babbler] die volgende oggend te gaan soek. Die voëltjies het toe vroeg oggend ons kom soek en tussen die chalets baljaar. Japie het toe hulle neste opgespoor.

Maandag die 25ste het ons die lang pad Kaap toe begin, maar nog was ons verrassings nie verby nie. Kort-kort is by klipkoppies gestop om die Rotsvoël [Rockrunner] sonder sukses te soek. Ons net by twee interessante plekke aangedoen. Eers die misterieuse Lake Otjikotto wat tussen rotse en kranse 'n groot natuurlike gat vol water is. Die Duitse Weermag het by die 20 kanonne en gewere in die water weggegooi om te verhoed dat in die besit van die SA Weermag moes kom tydens die Tweede Wêreldoorlog. Die diep water met vele spelonke wat nog nie eers almal ondersoek is, is ook die



Duitby Gradwell

Spookolifant, Etosha

tuiste van 'n blinde vissie wat nêrens anders in die wêreld voorkom nie. Die tweede plek was naby Grootfontein om die wêreldbekende Hoba Meteoriet te bekyk. Dit is die grootste enkele meteoriet op ons planeet, wat 80 000 jaar gelede uit die lug geval het. Dit weeg 60 ton en om op die stuk rots te sit is 'n voorreg. Dit laat mens dink aan die wonderlike sonnestelsel waar ons bly. Die middag het ons by die Waterberg Plateau Park aangekom, waar ons by hulle Lodge geslaap het. Na party mense geswem het kon ons vanaf die chalet se stoep die son sien sak op die omliggende kranse. Tussen die chalets was talle klein Damara Dikdikke, dwergmuishonde en Groottrouphant [Purple Roller] te sien. Die ete is bedien in die ou Duitse Hospitaal wat gebou is deur die Duitse Weermag in die Duits-Herero oorlog in die 1800s. Die volgende oggend het ons die begrafplaas van die gesneuwelde Duitse soldate gaan besoek – netjies en nog steeds goed versorg. Tydens die stappie het ons weer 'n klomp Bloupenspapegaai [Rüppell's Parrot] en ook die Perskakelaar [Violet Wood-Hoopoe] gesien. Die Damararooibekneushoringvoël [Damara Red-billed Hornbill] met sy wit gesig het ook vir ons kom groet. 'Lifers, lifers' weereens.

Aan na Windhoek toe waar ons net suid van die stad by die stil en pragtige Windhoek Mountain Lodge ingeboek het. Na 'n kort blaaskans is ons deur Japie opgekommandeer die koppies agter die Lodge in, vir een laaste kans om die Rotsvoël [Rockrunner] te sien. Minder as 'n halfuur later, na op en af, heen en weer, en

siedaar, 'Eureka!', kry ons almal uiteindelik die Rotsvoël pragtig te sien. Wat 'n voorreg was dit nie. Japie jou doring!!!

Nog twee aande voor ons in die Kaap sou aankom is ons by Mariental, die Buracos Berge en vinnig by die Hardap dam verby – nog watervoëls in die riete onder die dam bekyk en by een van die spruite langs die pad tydens 'n eetstop kry ons die Goudsnip [Greater Painted-Snipe] en klomp Swaelstertbyvreter [Swallow-tailed Bee-eaters]. Die aand het ons geslaap by die Quiver Tree Lodge. Die middag het ons eers deur die Giants Playground gestap – massiewe opmekeer opgestapelde rotsformasies. Weliswaar, dit lyk of reuse hulle opgestapel het. Daarna terug na die voer van die semi-mak jagluiperde te gaan kyk. Toe na die Kokerboomwoud [Quiver Tree Forest]. Die interessante kokerbome staan tussen die rotse soos hare op 'n hond se rug. Die aand is afgesluit met heerlike skaapboud en soos al die ander aande is ons almal volmagies kamers toe. Die volgende oggend het swerms Rooiwangparkiete en ander voëls ons in die tuine verwelkom.

Ons vat die pad suidwaarts en weer is ons maklik deur die Noord-Oewer grenspos en na

die Springbok Hotel. Ons kamers was in die Ou Pastorie. Vir sekere mense op die toer was die 'lifers' nog nie verby nie, want na 'n uur of so se blaaskans is ons die berge om Upington in na die Orbicule Hill Monument. Die klipmonument is bekend vir die formasies van orbikulêre diorite [Orbicular Diorite], wat voorheen net bekend was in die Skandinawiese lande. Japie spoor die Kaneelborssanger [Cinnamon-breasted Warbler] ook op. Terwyl ons daar rondkyk het, het ons die Dassierotte met hulle lang sterte oor die klippe gesien verbyflits. Die ander diere wat vir ons baie interessant was, was Klein- en Klaasneusmuise. Die aand het ons 'n afskeidsete in die boere restaurant by die Springbok Hotel geniet, en is die volgende oggend via Klawer, Malmesbury, terug na Kaapstad toe, waar ons groep uiteengegaan het.

Twintig dae en 6 500 km se onvergeetlike opwinding, wonderlike voëls, diere, insekte, woestyn- en bergtonele, oop vlaktes, ruie bosse, koel riviere en die voorreg om al die kennis van geologie, geskiedenis, bome, plante, grasse en klippe van Japie en Ralie te geniet, was iets besonder. Dankie aan julle twee en aan al die groepslede wat die toer so fantasties gemaak het. 🐾

Twee eilande – en baie see

Salomi Louw

Mense van my ouderdom het seker almal ter plaatse grootgeword met stories oor die Anglo-Boereoorlog en die krygsgevangenes wat oorsee gestuur is. Toe Betsie tydens 'Flock at Sea 2017' praat oor haar besoek aan St Helena – en veral die feit dat die skeepvaart daarheen opgeskort gaan word – het ek besluit ek moet soontoe gaan al was my oupa in Ceylon (Sri Lanka) en nie in St Helena nie. Tuis het ek dadelik begin met beplanning en naleeswerk.

Die eerste beskikbare plek op die RMS St Helena was vir November 2017. Dié vragskip met 'n klompie kajuite neem, buiten brandstof,

alles wat op die eiland nodig is, tot selfs voertuie.

Met my kampeerwa val ek goed voor die tyd in die pad sodat ek 'n paar dae by Vanderkloofdam kan kampeer en ook in Prins Albert kan orby, en met die terugkeer Oos-Vrystaat langs ry. Dis my egter nie beskore nie: tussen Carletonville en Venterstad hou ek stil omdat die VW so erg skud en ek kan nie verder ry nie – 'n CV-joint het gebreek (ek weet nie wat dit doen nie en ook nie wat die Afrikaans daarvoor is nie). Vier uur later is ek en hy ingesleep by VW in Carltonville waar hulle alles probeer, maar uiteindelik sê 'n



Bassiaan/White-chinned Petrel



Wirebird



Atlantiese Geelneusalbatros/Atlantic Yellow-nosed Albatross



Java Sparrow

onderdeel moet uit Duitsland bestel word. Dis al laatmiddag en ek moet noodgedwonge in 'n gastehuis oorslaap, die volgende oggend terug na Pretoria, oorpak in 'n ander voertuig en direk Kaap toe ry.

Daar word ek betyds by die kaai afgelaai deur 'n susterskind. Vroeër het ek 'n versoek gerig aan die agentskap se bestuur om te vra dat, indien ek tydens die vaart sou sterf, hulle my ter see moet begrawe. Dit het groot opskudding veroorsaak! By die ontvangsaal wag die bestuurder en die skeepsdokter my in om my kondisie te bepaal; gelukkig was hulle tevrede – altans, voorlopig, want die skeepsdokter het spesiaal gereël dat ek by sy tafel sit (seker om my die heelyd onder oë te hou!). Nou hoor ons dat die vertrek vertraag is omdat hulle wag vir vrag uit Kanada wat moet saam sodat die Saints – soos die inwoners van St Helena bekendstaan – die goedere voor Kersfees sal hê.

Rondstaan en stap in die hawegebied lewer



Rooipylstert/Red-tailed Tropicbird

darem die gewone voëls op en toe ons uiteinde-lik twee dae later vertrek, sien ek van die bodek af genoeg om my besig te hou. Kort anderkant Robbeneiland speel Boggelrugwalvisse in die water en die lug bo hulle is spierwit van sterretjies. Nie lank daarna nie begin die eerstes van baie Bassiaanse [White-chinned Petrel] in die vaarwater wieg. Grootalbatros [Wandering



Witsterretjie/Fairy Tern



Ascensiefregatvoël/Ascension Frigatebird



Brilmalgas/Masked Booby



Gewone Stormswael/Wilson's Storm-Petrel

Albatross], Swartvlerkkoningalbatros [Northern Royal Albatross] en Atlantiese Geelneusalbatros [Atlantic Yellow-nosed Albatross], sowel as Bloubekalbatros [Shy Albatross] kan soms gesien word. Laatmiddag voor ons in Jamesbaai anker, vlieg twee Roetsterretjies [Sooty Tern] bo die dek – te vinnig vir foto's – en die een beland op die dek, blykbaar beseer. Dis die volgende oggend na die plaaslike natuurbewaringstak geneem.

'n Bootoffisier het gereël dat ek en 'n paar ander mense die oggend met 'n charabanc gaan ry deur die eiland. Ongelukkig is die bestuurder nie 'n voëlkenner of –kyker nie, en ons moes Woensdag al hier wees; nou is dit Saterdag en al die historiese en kulturele plekke is gesluit. Alles kon net op 'n afstand, of glad nie, beskou word. Toe ek vra oor die endemiese 'Wirebird', sê hy hulle is baie skaars en moeilik om te kry. Vyf minute later skree ek hy moet stop: hier draf die goed op die gholftaan rond. Ek en 'n ander fotograaf kon egter nie naby

kom nie, want die bestuurder toet en roep ons terug. Hy is haastig. Hy het darem verder gestop telkens as ek vra. So kon ek darem 'n paar voëls te siene kry, soos die 'Java Sparrow' – wat glad nie familie is van enige mossie nie – en die Rooipylstert [Red-tailed Tropicbird]. Na die rit het ek in Jamestown rondgeeloop en nog 'n paar voëls gesien: Indiese Spreeu [Common Myna], 'Peaceful Dove', Tuinduiwe [Rock Dove], 'Madagascar Fody' en die wondermooie Witsterretjie [Fairy Tern].

Vir Sondag het die bootoffisier gereël dat 'n gids van Natuurbewaring my kom haal vir 'n voëluitstappie. Dié man/vrou/mens het egter nooit opgedaag nie, toe stap ek maar weer in en langs die 'hoofstad' van 800 m x 2 km en kry die Rooibeksysie [Common Waxbill] en Geelkanarie [Yellow Canary]. Van St Helena se 12 landvoëls het ek net drie nié gekry nie.

Terwyl die RMS St Helena in die baai wag op vraag vir Ascension, bring ek my tyd op

die dek deur. Dis 'n vrugbare tyd: Brilmalgas [Masked Booby], Bruinmalgas [Brown Booby], Swartsterretjie [Black Noddy], Madeirastormswael [Band-rumped Storm Petrel] en Groot-bruinsterretjie [Brown Noddy] vlieg verby.

Omdat ons laat uit Tafelbaai weg is en haastig moet terug sodat 'n volgende vraag gelaai kan word, en toeriste aansluitingsvlugte moet haal, word die tyd op Ascension verkort tot 4 uur in plaas van 'n hele dag. Natasja van Natuurbewaring neem my en die oorblywende twee passasiers op 'n vlugtige toer deur die eiland. Die voëls se broeiseison is verby en daar is min te sien. Die Ascensionfregatvoëls [Ascension Frigatebird] is egter volop. Teen 'n helling draf ons eie Rooikeelfisant [Red-necked Spurfowl] voor die motor verby, maar Natasja stop nie hiervoor nie, wel vir 'n endemiese landkrap.

'n Voëlkenner van Ascension, op pad terug na Brittanje na haar kontrak verstryk het, sluit as passasier by ons aan en ons sien van Ascension tot by Kaapstad Swaelstertstormswael [Leach's Storm Petrel], Gewone Stormswael [Wilson's Storm-Petrel], Bleekvlerkkeitstert [Bulwer's Petrel], Malbaartjie [Sooty Shearwater], Geelbekpylstormvoël [Cory's Shearwater] en twee keer vlugtig en ver wat ons aanneem 'n

Brilbassiaan [Spectacled Petrel] is. 'n Voëlkyker van Oos-Londen wat op die terugvaart by ons aangesluit het, het gehelp om die Swartrugalbatros [Black-browed Albatross] en die Bruinalbatros [Dark-mantled Sooty Albatross] te identifiseer. Ek kon ongelukkig nie besluit of een van die albatrosse wat ek gesien het 'n Chatham of Gryskop [Grey-headed Albatross] was nie.

Van St Helena tot in Tafelbaai was die see veral onstuimig, dit was koud en bewolk, en die vaart teen maksimum knope het die boot laat bokspring, wieg en skommel. Die swembadjie se water is later uitgepomp omdat dit die agterstewe laat swenk het. Ek was een van die min passasiers wat dit verduur het sonder gevolge, maar dit het bygedra tot die sien van verskeie sterretjies (nie geïdentifiseer nie, buiten vir Geelbekke), Swartrugmeeue, walvisse en honderde malgasse vroeg die oggend voor ons aankoms by Kaapstad.

'n Goeie gevolg van die bootvaart is dat ek en die skeepsdokter (van Indië), en 'n tafelnoot van Sri Lanka goed bevriend geraak het. Hulle uitnodigings aan my om by hulle op besoek te kom, het veroorsaak dat ek reeds vir Junie en Julie vanjaar 'n reisplan opgestel het deur Sri Lanka, Indië en Nepal. 🇳🇵

Die groot 500

Riël Franzsen

Op pad terug van die see af vroeg-Januarie 2013 besluit ek iewers tussen Hopetown en Kimberley dat ek 500 voëlspesies in 2013 wil sien – ongeag waar in die wêreld. My vrou was baie verlig toe ek vroeg in Desember 2013 die 500ste spesie in die Stilbaai-omgewing te siene kry, maar helaas moes ek toe natuurlik kyk hoe ver ek hierdie perk kon verbystee! 31 Desember 2013 eindig ek met 530 spesies, maar presies 100 van hulle het ek buite suider-Afrika waargeneem, die meeste tydens 'n werkverwante besoek aan die Karibiese eilandstate Dominica, Saint Lucia en Saint Kitts & Nevis.

Januarie 2017 dwing 'n kompulsief-obsessiewe geaardheid my om weer 'n ambisieuse projek aan te pak. Dié jaar wil ek 500 spesies in die kalenderjaar sien of hoor, maar uitsluitlik in Suid-Afrika – 'n lekker uitdaging!

Januarie skop goed af met oggendbesoeke aan Rietveldam, Kgomo-Kgomo, die Roodeplaat-omgewing en Vlaklaagte (noord van Bronkhorstspuit en 'n ou gunsteling). Hoe het Etienne Marais en Faansie Peacock se *Birding Gauteng* nie baie van ons se voëlkykervaring in die Gauteng-omgewing verryk nie! Danksy Trevor Hardaker se 'SA



Riël Franssen

Flamink (in die reën) by Strandfontein, Kaapstad

Rare Bird News'-webbladsy sien ek my eerste Geelkeelsandpatrys [Yellow-throated Sand-grouse] in Suid-Afrika aan die buitewyke van Centurion. (Ek het dié spesie reeds enkele jare gelede in Tanzanië gesien.)

Soos enige Suid-Afrikaanse voëlkyker sal weet, kan 'n vier-dae besoek aan Noord-oos Limpopo 'n groot aantal spesies oplewer en dus 'n leue-aandeel tot 'n 500-projek. Sedert 2004 neem ek en 'n goeie vriend jaarliks aan die Wes-Gauteng Ereveldwagters se jaarlikse 'Big birding'-naweke in die Krugerwildtuin deel. Februarie 2017 is ons 14de jaar en ons is weer eens bespreek vir die 'Extreme Birding' in Punda Maria. Ons beplan om onderweg wildtuin toe 'n paar ure in die Soutpansberg-omgewing voëls te kyk om ons kyk-fiks vir die groot kyk te kry. Die Roodewal-natuurreservaat onderweg na Punda Maria-hek stel nie teleur nie en twee 'lifers', die Breëbek [African Broadbill] en Blouvlakduife [Blue-spotted Wood-Dove], asook die Bosloerie [Narina Trogon], word aangeteken. 'n Entjie verder, by die Muirhead-damme, lys ons 'n Kroonarend [Crowned Eagle] en Goudwewer [African Golden Weaver], en by die Pafuri River Camp reg langs die Pafuri-hek, waar ons oornag, lys ons Tropiese Waterfiskaal [Tropical Boubou] en Baardwipstert [Bearded Scrub-Robin]. Saam met die bekende Don English lys ons in net 27 uur 236 spesies in die Punda Maria/Pafuri omgewing! Nog twee

'lifers', die Lysternagtegaal [Thrush Nightingale] en Knopsterttroupan [Racquet-tailed Roller], word met groot vreugde naby Pafuri gelys, asook ander skaars Suid-Afrikaanse voëls soos die Driebanddrawwertjie [Three-banded Courser], Senegalvleioerie [Senegal Coucal], Savannepapegaai [Grey-headed Parrot], Kleinwaterhoender [Lesser Moorhen], Witpensstekelstert [Böhm's Spinetail], Ruddse Kleinjantjie [Rudd's Apalis], Rooskeelkolpensie [Pink-throated Twinspot] en Geelkeelkanarie [Lemon-breasted Canary]. Ek sien (uiteindelik!) ook my eerste Goudsnip [Greater Painted-snip] in Suid-Afrika. Teen einde Februarie is my lys reeds gemaklik verby die 300-merk.

Twee reise na Europa beteken dat Maart en April projekgewys stil maande is, maar Mei is weer 'n droommaand danksy 'n besoek aan die Suid-Kaap. Op pad van George se lughawe na Stilbaai op 10 Mei sien ek 'n Veldpou [Denham's Bustard] tussen Mosselbaai en Albertinia, en later – vir die eerste keer in baie jare – weer 'n Reusesterretjie [Caspian Tern] by die Goukourivier in Stilbaai. 11 Mei is koud en reënerig. Tog lewer die grondpaaie (suid van die N2) tussen Stilbaai en Heidelberg nog agt Veldpoue op, asook verskeie Bloukraanvoëls [Blue Cranes] en 'n Overberglangbeklewerik [Agulhas Long-billed Lark]. Ten spyte van 'n sterk wind sien ek op 12 Mei Bank-, Trek-, Kuifkop- en Witborsduikers [Bank, Cape,

Crowned and White-breasted Cormorants] en Brilpikkewyn [African Penguin] by die Stony Point-natuurreservaat by Bettiesbaai, en die Suidelike Swie [Swee Waxbill] en Oranjeborsuikerbekkie [Orange-breasted Sunbird] in die Harold Porter Botaniese Tuin. 'n Cape Town Pelagics vaart vanaf Simonstad op 14 Mei, met Cliff Dorse as bekwame gids, is beslis die hoogtepunt van die jaar. Ek sien 13 'lifers', waaronder die skaars Swartvlerkkoningalbatros [Northern Royal Albatross] en Indiese Geelneusalbatros [Indian Yellow-nosed Albatross]. (Cliff se verslag en foto's van die Swartvlerkkoningalbatros en Indiese Geelneusalbatros is te sien by http://www.capetownpelagics.com/cape_reports/TR1709_14MayCD.htm.)

As gevolg van 'n besige werkprogram en 'n werkbesoek aan Letland en Litouë is Julie en ook Julie stil. Tog sien ek einde Julie buite Stellenbosch Kaapse Pietjiekanaries [Cape Siskins] en 'n Kaneelduifie [Lemon Dove]. Die eerste week van Augustus neem my vrou en ek vier buitelandse vriende Krugerwildtuin toe met een nag by Kurisa Moya in Magoebaskloof op pad laeveld toe. Vroegoggend sien ek uiteindelik Kurisa Moya se befaamde Groenkolpensies [Green Twinspots] en ook Rooirugfrette [Red-backed Mannikins], 'n spesie wat ek lanklaas gesien het. In die Mopani-omgewing is daar besonder baie nuwe spesies vir my lys gegewe dat ek reeds 'n somerbesoek gebring het, en nou, in die winter, hoofsaaklik as toergids optree vir gaste wat verstaanbaar veel eerder soogdiere wil sien. My eerste Gompoue [Kori Bustards] en Sekretarisvoëls [Secretarybirds] vir 2017, asook Rooikopvink [Red-headed Finch] – 'n eerste vir my Krugerwildtuin-lys – sien ek langs die S143 (Steenbokkeerkring-pad) en die Nataljanfrederik [Red-capped Robin-Chat] en Rooivlerksprinkaanvoël [Collared Pratincole] respektiewelik op, en vanaf, die Mopani-restaurant se stoep! Einde Augustus besoek ek die eerste keer die Marakele Nasionale Park. Dit is nog baie droog en stowwerig, maar ek is gelukkig met verskeie van Marakele se teikenvoëls, waaronder Kransaasvoëls



Riel Franzen

Rooikeelbyvreter/White-fronted Bee-eater by Rietvelddam, Pretoria

[Cape Vultures], Rooiborsuikervoël [Gurney's Sugarbird], Bergklipwagter [Buff-streaked Chat], Swaelstertbyvreter [Swallow-tailed Bee-eater] en Geelpensbossanger [Yellow-bellied Eremomela].

September is stil aangesien ek bykans drie weke in Albanië moet werk, maar 'n oggendbesoek aan Marievale om (sonder sukses) die Rooikeelreier [Slaty Egret] te lys, lewer darem Kempmaan [Ruff] en Gevlekte Eend [Hottentot Teal] op. Onderweg na Wakkerstroom vir 'n blitsbesoek middel-Oktober, doen ek weer aan by Marievale. Steeds geen 'Slaty' nie, maar ek sien verskeie Kleinstrandlopers [Little Stints] en Ringnekstrandkiewiete [Common Ringed Plover]. Wakkerstroom is eenvoudig een van die beste plekke in Suid-Afrika om voëls te kyk. Ten spyte van 'n stormwind en danksy Norman Mncube, 'n bo-baas plaaslike voëlgids, lys ek op 17 Oktober verskeie teikenspesies, onder meer twee 'lifers', die Drakensberglerik [Rudd's Lark] en Grasveldlangbeklewerik [Eastern Long-billed Lark], maar ook Grondspieg [Ground Woodpecker], Mahem [Grey Crowned Crane], Kalkoenibis [Southern Bald Ibis] en Witrugeend [White-backed Duck]. Sonder gids maar met beter weer sien ek vroegoggend op 18 Oktober die Geelborskoester [Yellow-breasted Pipit], Drakensberglangstertjie [Drakensberg Prinia] ('n 'lifer' danksy die redelik onlangse afsplitsing van die Karoolangstertjie), Bergpatrys [Grey-winged Francolin], Grootriethaan [African



Pikkewyne by die Boulders, Simonstad

Rail), Grootswartvlerkiewiet [Black-winged Lapwing] (nog 'n 'lifer'), Horuswindswael [Horus Swift] en Klipkoester [African Rock Pipit].

November se hoogtepunte was beslis die melanistiese Kleinsingvalk [Gabar Goshawk] en Swartvlerksprinkaanvoël [Black-winged Pratincole] by Kgomo-Kgomo, en die Visvalk [Western Osprey], Gryskopvisvanger [Grey-hooded Kingfisher] en Geelvlakmossie [Yellow-throated Petronia] by Borakalalo. Op pad terug van 'Borra' af via Jericho wag 'n aangename verrassing – 'n klein, voëlryke vleiiland teen die pad by Lebalangwe (tussen Jericho en Soshanguve).

Tydens 'n blitsbesoek aan Kaapstad en Stellenbosch sien ek op 3 Desember 'n Gryskoppie [Common Chaffinch] in Tokai en by Strandfontein 'n Bandstertgriet [Bar-tailed Godwit] en Moerasruiter [Marsh Sandpiper]. Middel-Desember vertrek ons see toe vir 'n kort besoek om voor Kersfees terug te wees in Pretoria. Die roetes see toe en terug word fyn beplan. Op pad Stilbaai toe word daar oornag in die Suid-Vrystaat en by Nature's Valley. By Garingboom-gasteplaas (bekend vir die Kimberleykoester [Kimberley Pipit]) naby Springfontein sien ek Swartkopkanaries

[Black-headed Canaries] en 'n Vlaktespekvreter [Sickle-winged Chat]. Dit is ook hier waar ek vroegoggend op 15 Desember met die Vaalstreepkoppie [Lark-like Bunting] my aanvanklike doelwit van 500 'sien of hoor' behaal. Nou verander die reëls van die spel noodwendig – daar is immers nog 16 dae oor in die kalenderjaar. Nou móét ek 500 spesies in 2017 in Suid Afrika sien, dit wil sê nog net 'n verdere 21 spesies met 'n redelike verskeidenheid habitatte (onder meer kuswoud by Nature's Valley; kus, rivier en fynbos by Stilbaai; Karoo, 'n stukkie Kalahari-sandveld in die Kimberley-omgewing, en grasveld in Gauteng) wat voorlê.

In die Prince Alfred-pas sien ek, ten spyte van die skerp draaie en stof, 'n Bosjakkalvoël (Forest Buzzard] en Rooikeelfsante [Red-necked Spurfowl] en by Nature's Valley merk ek Bloukatakeroere [Grey Cuckooshrike], Knysnaloeerie [Knysna Turaco], Swartpensglanspreeu [Black-bellied Starling] af, maar 'n aggressiewe trop bobbejane knip 'n belowende vroegoggend staptog kort. Die Stilbaai-omgewing se somer-'specials' is amper almal daar – die Kleinsterretjie [Little Tern], Grysstrandkiewiet [Grey Plover], Grysborstjagra [Southern Tchagra], Dikbekkanarie [Brimstone Canary], Witkeelkanarie [White-throated Canary], Dikbeklewerik [Large-billed Lark], Swartsaagvlerkswael [Black Saw-wing] en die skugter Knysnaruigtesanger [Knysna Warbler] – maar die Knysnaspeg [Knysna Woodpecker], weliswaar skaars, is nêrens nie.

Op pad terug van Stilbaai af oornag ons in Murraysburg. Verlaat die N1 by die Nelspoortafdraai en 'n groot rustigheid daal summier oor jou neer. Nelspoort is totaal vervalde maar in die klipkoppies by dié gehuggie teken ek Bleekvlerkspreeu [Pale-winged Starlings] aan. Die grondpad van Nelspoort na Murraysburg is tjoepstil wat verkeer betref, maar die voëlaktiwiteit laatmiddag wonderlik. Dit is lewerikwêreld en Gysruglewerikke [Grey-backed Sparrowlarks], Rooikoplewerikke [Red-capped Larks] en Vlaktelewerikke [Spike-heeled Larks] vlieg gereeld op van die pad af, en Hoëveldklappertjies [Eastern Clapper Larks] roep oral. Kelkiewyne [Namaqua Sandgrouse]

en Rooioorlangstertjies [Rufous-eared Warblers] is ook volop. Vroegoggend (05:40) op 23 Desember is dit ek en die grondpad tussen Murraysburg en Richmond. Hier kruis mens die besige N1 vir verdere Karoo-vrede al die pad De Aar toe. en dan oor Kraankuil na Hopetown. Vroegdag reeds sien ek nog 'n 'lifer', die Karoolangbeklewerik [Karoo Long-billed Lark] en, nie lank daarna nie, 'n Karoospekvreter [Karoo Chat] en beide die Dawid en Goliat van vlieëvangers – die Grootvlieëvanger [Chat Flycatcher] en die Feevlieëvanger [Fairy Flycatcher]. Alhoewel ek hulle nie te siene kry nie, hoor ek 'n Vaalkorhaan [Karoo Korhaan] en Namakwalangstertjie [Namaqua Warbler]. Straks as gevolg van die afgelope jare se droogte, is daar geen aktiwiteit by die enkele vervalle Versamelvoëlneste [Sociable Weaver] tussen Hopetown en Modderrivier nie, maar ek sien darem naby Kimberley die Kalahariwipstert [Kalahari Scrub-Robin] en alhoewel ek reeds vroeër die Kleinflamink [Lesser Flamingo] by Borakalalo gelys het, is dit fantasties om dié spesie weer in groot getalle by die Kamfersdam te sien. Op 24 Desember is ons terug in Pretoria en my'sien'-lys is nou net kort van 500...

Op 28 Desember, langs die Vlaklaagte-pad noord van Bronkhorstspruit, sien ek spesie 500 vir die jaar – die Trekdrawwertjie [Temminck's Courser]. Sekondes later sien ek nommer 501, die Spotlewerik [Melodious

Lark] en, as 'n toegif, vir die tweede keer die jaar, Horuswindswaels [Horus Swifts]. Op 30 Desember, langs dieselfde roete, sien ek my eerste Veldpoue [Denham's Bustard] in die noorde van die land asook 'n Swempie [Coqui Francolin] – Nummer 502.

So eindig 2017 dan met 502 gesien en 'n verdere 22 net gehoor – 'n totaal van 524 volgens die ou reëls van sien en hoor. Soos alle voëlkykers sal weet, was sekere voëls, wat mens normaalweg in 'n kalenderjaar in die regte habitat te siene behoort te kry, nêrens te siene nie. Vir my was dit in 2017 onder andere die Langkuifarend [Long-crested Eagle], Ovambosperwer [Ovambo Sparrowhawk] en Dwergrisvanger [African Pygmy-Kingfisher]. Tog was die groot frustrasie die 'lifers' wat ek gehoor het, maar nie te siene kon kry nie, naamlik die Gestreepte Riethaan [Striped Crake] in Februarie naby Klopfontein in die Krugerwildtuin, die Sprinkansanger [River Warbler] einde-Maart naby Kgomo-Kgomo, die Karoolewerik [Karoo Lark] naby Nelspoort (Desember) en die Rooiborsvleikuiken [Red-chested Flufftail] by Wakkerstroom (Oktober) en Moreletakloof-natuurreservaat (Desember) – veral omdat my suider-Afrika-lys einde Desember 2017 op 695 spesies staan!

Vir 2018 het ek nie tans 'n groot projek nie, maar ek gaan beslis daaraan werk om die 700 kerf vir suider-Afrika verby te steek! 🐦



Marakele
Nasionale Park



BLNG outing to Moreletakloof, 4 Nov 2017. Thank you to Keanu Canto and Laura Jordaan for a morning of excellent birding. Etienne Nortje was happy to see 4 cuckoos in one morning and even photographed a Black Cuckoo!
Sheleph Burger



BLNG outing to Smuts Kopje, 17 Feb 2018: Highlights: a pair of Long-crested Eagles, Black Sparrowhawk, White Stork, Chestnut-vented Tit-babbler, and Red-backed Shrike. Those attending also got to see/hear a large proportion of Pretoria's Rose-ringed Parakeet and Basset Hound populations (the latter on a walk hosted by SA Basset Adoptions).




On a visit to the Kgalagadi Transfrontier Park in Oct 2017, a friend and I were sitting at the Samevloeïing waterhole, having coffee. Suddenly this spectacular Black Harrier landed at the waterhole! It was a sighting of a lifetime, and indeed a lifer for me! In a matter of 2 minutes, my camera was hot with shooting 80 photographs of this stunning bird!
Sheleph Burger



A favourite photo... Red-crested Korhaan in full call, on the road between Shimuwini and Letaba camps, Kruger National Park, 29 Jan 2017.
Geoff Abbott



Summer CAR, 27 Jan 2018: Route GM01 (Moloto) – the wrong heron (Black-headed Herons count, Purple Herons don't). Most abundant: Helmeted Guineafowl (count: 107). Most celebrated: a Swainson's Spurfowl perched in a tree (the first SS to not just be heard, but seen, and thus counted). Non-target species accidentally spotted pre- and on-route included a pair of Greater Painted-Snipe, Lizard Buzzard, Brown Snake-Eagle and Greater Kestrel.



In Nov 2017 we visited Bakubung Bush Lodge. I had received specific directions on where to find an Osprey, and we set out to find it. The Osprey 'knew' I was coming and, lo and behold, there he was sitting high above in a tree! Lifer! Yes! Sheleph Burger



Marco Botta

Ig Viljoen releases a Half-collared Kingfisher at a BLNG bird-ringing demo held in Colbyn Wetland NR for 'Learn about wetlands', an annual event celebrating World Wetlands Day that aims to teach children about the value of wetlands.



Poor barbets! I put up a nesting log to attract hole-nesters into our garden. After Crested Barbets in March 2017 had one successful breeding attempt producing and fledging one chick, I observed a pair of Lesser Honeyguides in my garden. The picture shows this brood parasite waiting to enjoy the ill-gotten attention of its poor Crested Barbet hosts. Neithard Graf von Dürckheim

(Continued on page 60)

Rarities and unusual sightings report: 15 March 2018

Compiled by André Marx

This report covers the period from 1 Oct 2017 to 15 Mar 2018. With the onset of the summer rains and the first flush of migrants some excellent out-of-range records started to surface in early summer. These included seldom seen birds in our region such as Bar-tailed Godwit, Eurasian Curlew and Collared Pratincole. Top sightings for the last period were another Collared Flycatcher, this time in the Brits area, a tricky Eurasian Blackcap that frustrated many observers, more reports of African Skimmer and two significant records in the form of a Bat Hawk north of Pretoria and a Bateleur in the Wilge River valley (see the photos of both!).

Thank you to all the regular contributors of reports. Please send any interesting and out-of-range records together with a photo if possible to the address given below. Members should note that these regional reports are referenced and used in publications such as the Roberts Birds of Southern Africa, which is currently being revised, so all properly documented records are valuable.

National Rarities/ Nasionale rareiteite

Blackcap, Eurasian / Sanger, Swartkroon-

One bird was found in a thicket on the Zaagkuildrift road in Pentad 2505_2810 when first heard singing and then briefly observed; the bird was present for a few days, 10 Mar 2018 (AM, GL). *This is an uncommon summer migrant and very few records have been confirmed for the region.*

Egret, Slaty / Reier, Rooikeel-

The bird previously reported from Marievale Bird Sanctuary during August and September was still being sighted from time to time, well into October 2017, by many observers.

Flycatcher, Collared / Vlieëvanger, Withals-

One bird was found at Sediba Lodge, north of Brits, 11 Nov 2017 (LR). *This species is a vagrant*

in the region, with one known record from Randburg a few years ago.

Phalarope, Red / Fraiingpoot, Grys-

A single bird was at Mkhombo Dam, 3 Mar 2018 (J&CH).

Sandpiper, Green / Ruitter, Witgat-

Several observers reported this species from Rietvlei NR in Centurion during the period 14 Nov 2017 until at least mid-Feb 2018. One bird was at Waterfall Estate, Midrand, 27 Jan 2018 (RS).

Sandpiper, Pectoral / Strandloper, Geelpoot-

Two birds were present at a farm dam near



Collared Flycatcher / Withalsvlieëvanger

Lance Robinson



Pectoral Sandpiper / Geelpootstrandloper

Pieter Heiliga



Thinus van Staden

African Skimmer / Waterploëë

Bapsfontein, 9 Jan 2018 (PC). In subsequent days several observers saw and photographed these birds at this locality; reported until at least mid-Feb 2018. One bird was at Mkhombo Dam, 27 Jan 2018 (EM).

Skimmer, African / Waterploëë

Two birds were reported from Vaalkop Dam on 8 Jan 2018 (SvdW). 8 birds at a small dam on the Kgomo-Kgomo floodplain was a major surprise, 24 Feb 2018 (TG).

This is still a very rare bird for the region.

Regional rarities / Streeksrariteite

Bateleur / Berghaan

A remarkable sighting of an immature bird that was photographed while soaring over grassland in the Wilge River valley in Pentad 2540_2855 took place on 24 Nov 2017 (WT). *A species not known to occur within the greater Gauteng region so this is a very significant record.*

Crake, Spotted / Riethaan, Gevlekte-

One bird was at Marievale, 5 Feb 2018 (MT).

Curler, Eurasian. Wulp, Groot-

One bird was found on the banks of Vaalkop Dam at Finfoot Lake Reserve, 13 Nov 2017, and was still present for a number of weeks afterwards (SvdW).

Eagle, Crowned / Arend, Kroon-

A juvenile bird was found in the Wilge River Valley north of Bronkhorstspuit on 4 Nov 2017 (GE).

Godwit, Bar-tailed / Griet, Bandstert-



Warwick Tarboton

Juvenile Bateleur / Jong Berghaan



Sarel van der Westhuizen

Eurasian Curlew / Grootwulp

One bird was found at Korsman Pan in Benoni, 8 Oct 2017 (RW&KdP), with several observers still reporting this bird until late November. *A very uncommon bird for Gauteng and seldom recorded inland, as this is a species that is known annually in fair numbers at coastal localities.*

Goose, African Pygmy / Gans, Dwerg-

An unusual sighting was of one bird at a farm dam near Bronkhorstspuit Dam in Pentad 2555_2835, 15 Jan 2018 (DdP). *This species is seldom observed away from lower altitude areas associated with bushveld habitat, so this is a notable record.*

Goshawk, African / Sperwer, Afrikaanse

A pair of birds were observed in the Wilge River Valley, north of Bronkhorstspuit in pentad 2535_2855, 6 Oct 2017 (MJ).

Harrier, Pallid / Vleivalk, Witbors-

A single bird was seen just east of Bronkhorstspuit Dam in Pentad 2550_2840, 3 Feb 2018 (ST). One bird was photographed in



Dirk Human

Bat Hawk / Vlermuisvalk

2530_2810, when an adult bird was photographed, 14 Oct 2017 (DH). *This is a very significant sighting, as there have been a few records of this bird in the region in recent years, not all of which could be confirmed, but this represents the first photographed record of the species in the Gauteng region.*

Heron, Rufous-bellied / Reier, Rooipens-

On 3 Jan 2018 one bird was photographed at the bridge at Kgomo-Kgomo in Pentad 2505_2800 (HL). *This is a species that is seldom observed at any locality in the country and it can be considered to be very rare in our region.*

Pelican, Great White / Pelikaan, Wit-

A single bird was at Mkhombo Dam, 26 Dec 2017 (OT).

Pipit, Yellow-breasted / Koester, Geelbors-

A breeding plumage bird was seen in grassland at Marievale Bird Sanctuary, 11 Mar 2018 (SM, RC). *This is an uncommon bird in the region, particularly in summer.*

Pratincole, Collared / Sprinkaanvoël, Rooivlerk-

At least five birds were once again recorded at Mkhombo Dam, with at least one juvenile bird present, 25 Nov 2017 (JB) and (TG, JK).

Roller, Broad-billed / Troupant, Geelbek-

A sighting of one bird on the Zaagkuildrift road in Pentad 2510_2805 is very unusual for the region, 8 Jan 2018 (MJ and AB).

Sanderling / Strandloper, Drietoon-

Two birds were found at Rooiwal Wastewater Treatment Works, north of Pretoria, 10 Oct 2017 (LvD).

Saw-wing, Black / Saagvlerkswael, Swart-

A single bird was at Thembisile Dam on the R573 road to Moloto, north-east of Pretoria, 25 Nov 2017 (TG, JK, CFT).

Stork, Woolly-necked / Ooeivaar, Wolnek-

A single bird was seen with several Abdim's Storks at the Kgomo-Kgomo floodplain, 2 Feb 2018 (NP).

Vulture, Lappet-faced / Aasvoël, Swart-

A bird was photographed at Nooitgedacht Farm in the Hekpoort district in Pentad 2550_2730, on 6 Oct 2017 (AK).

Whimbrel / Wulp, Klein-

A single bird was present at Bronkhorstspuit



Andrew Keys

Lappet-faced Vulture / Swartaasvoël



Gerda Weiman

Common Whimbrel / Kleinwulp

the Devon area in Pentad 2625_2845, 24 Feb 2018 (LR).

Hawk, Bat / Valk, Vlermuis-

One bird was an unexpected sighting in the Walmansthal area north of Pretoria in Pentad

Dam NR and was reported by a number of observers, 20 Jan 2018, and was present at this locality until late Feb 2018.

**Other interesting observations /
Ander interessante waarnemings**

Crane, Grey Crowned / Mahem

One bird was seen on the Zaagkuilrft road north of Pretoria in Pentad 2510_2815 on 27 Oct 2017 (CV), and was still present 6 Nov 2017 (CT). *An uncommon bird for the region.*

Eagle, Lesser Spotted / Arend, Gevlekte

One bird was photographed at Stillbosch Wildlife Estate in Pentad 2550_2825, south-east of Pretoria, 20 Jan 2018 (CM). A sighting of 4 birds in freshly cut fields in Pentads 2550_2835/2840, south of Bronkhorstspuit Dam, is somewhat unusual for that part of the region, 29 Jan 2018 (DdP). On 11 Feb 2018 (PV) at least one bird was present at this locality, with another bird seen here on 15 Feb 2018 and again on 5 Mar 2018 (DdP).

Eagle, Tawny / Arend, Roof-

A juvenile bird was a surprise sighting and a first record at Delta Park, Johannesburg, when it was seen being mobbed by Pied Crows, 23 Nov 2017 (GL).

Falcon, Red-footed / Valk, Westelike Rooipoort-

Two birds were at Northern Farm amongst a large group of Amur Falcons, 1 Feb 2018 (AM&RS).

Greenbul, Yellow-bellied / Willie, Geelbors-

This species was recorded for the first time in a garden in the Buffelsdrift Conservancy, north-east of Pretoria, 29 Jan 2018 (TG, RG). *This represents another new locality for this bird in the Pretoria area.*

Ibis, Southern Bald / Ibis, Kalkoen-

12 birds were observed in Pentad 2555_2850, south-east of Bronkhorstspuit, 20 Jan 2018 (ST).

Owl, Southern White-faced / Uil, Witwang-

One bird was sighted at the Sandton Field and Study Centre, probably the same individual that has occurred at that locality before, 2 Nov 2017 (KTS), and on 6 Dec 2017 it was confirmed by



Cameron Meyer

Lesser Spotted Eagle / Gevlekte Arend



Ron Searle

Red-footed Falcon female with Amur Falcon / Westelike Rooipoortvalk wyfie saam met 'n Oostelike Rooipoortvalk

local birders that there were two birds present.

Stork, Marabou / Maraboe

3 birds were at the Midrand Interwaste dump site, 10 Mar 2018 (PV).

Warbler, Dark-capped Yellow / Sanger, Geel-

A record of one bird singing and then being seen at Emmarentia Dam, Johannesburg, is a significant range extension for this species which continues to be recorded at new localities in Gauteng, 7 Oct 2017 (GLD).

Observers/ Waarnemers:

André Marx (AM)
Andrew Buitendach (AB)
Andrew Keys (AK)
Cameron Meyer (CM)

Rarities

CF Truter (CFT)
Christo Venter (CV)
Colin Thornton (CT)
Dirk Human (DH)
Dries du Plessis (DdP)
Etienne Marais (EM)
Geoff Lockwood (GLd)
Grant Egen (GE)
Greg Lock (GL)
Hugo Le Roux (HL)
Jason Boyce (JB)
John & Celia Human (J&CH)
John Kinghorn (JK)
Kevin du Plessis (KdP)
Kevin Trendler-Smith (KTS)
Lance Robinson (LR)
Lisl van Deventer (LvD)
Mark Tittley (MT)
Michael Johnson (MJ)
Niall Perrins (NP)
Ormé Teichert (OT)
Pieter Cronje (PC)
Pieter Verster (PV)
Rob Crosby (RC)

Rob Geddes (RG)
Rolf Wiesler (RW)
Ron Searle (RS)
Sarel van der Westhuizen (SvdW)
Stan Madden (SM)
Stephan Terblanche (ST)
Toni Geddes (TG)
Warwick Tarboton (WT)

This column is mainly concerned with observations of rarities and interesting sightings made in the Greater Gauteng region, defined as being 100 km from the centre of both Johannesburg and Pretoria; however, observations made further afield are also welcome. While the majority of records are included, it is sometimes necessary to exclude some, depending on whether the subject matter has already been well reported. Occasionally records are sourced from the Internet and from SABAP2 records. Members are invited to submit details of sightings to André Marx at turaco@telkomsa.net or 083 4117674. 📧

In pictures (continued)



Zack Rheeder

BLNG outing to Rooiwal WWTW, 3 Feb 2018: A multitude of White-winged Terns were flying low over the water and dip-dipping onto the water's surface with their bills – typical behaviour for these terns, which feed on aquatic invertebrates supported by the nutrient-rich water of the maturation ponds.

Neithard Graf von Dürckheim



BLNG Bosberaad, 3 March 2018: The Committee kicked off the new BLNG year with a strategic planning meeting at Wolphuiskraal Farm. Important club matters were debated and future priorities thrashed out. Some birding did also take place.

BirdLife Northern Gauteng					
<i>Laniarius</i> advertising costs (cost shown in Rands)					
Print ads	1 insert	2 inserts	3 inserts	4 inserts	
Back page	600	1000	1300	1500	full colour
Full page	400	700	950	1150	
Half page	250	400	500	675	
Quarter page	125	200	250	275	
Loose insert	300	500	650	750	
Smalls	50	90	120	140	5 lines/ad
Notes					
1. Advertiser to supply print-ready artwork					
2. Ads can be placed in alternate issues					
3. Ads must be paid in advance					
4. Ads are in black & white except back page which is in full colour					
5. For loose inserts advertiser to supply insert					
6. The committee maintains the right to accept any advertisements					

BUFFELSDRIFT

Rust de Winter

ACCOMMODATION

R450/adult/night;

R225/child 12 years and younger/night;

Day visitors R90/person/day



BOOKINGS

**Please call Donald
on 082 885 5577;**

or e-mail

bookings@birdhiking.co.za

Website: www.birdhiking.co.za

BIRDERS